**AFRIKAANS HT HUISWERK WEEK 7**

**25 – 29 MEI 2020**

**MAANDAG**

**1. Handskrif: Oefen 2 lyntjies van elk van die volgende.**

j J j J

Jordan jaag vir Jaap.

**2. Maak sinne met die volgende woorde:**

mank rank plank blink dink

**3. Klanke: "oo"**



**Begrip lees en klank: oo**

Ek het 'n snaakse oom, sy naam is Koos

Hy woon in 'n boom-huis

Hy eet net roomys.

Sy een oog is blou en die ander oog is groen

Sy een groot toon loer deur sy skoen

Hy rook pyp en kan glad nie kook

As jy hom sien loop dan gaan koop hy brood.

Dit is my snaakse oom Koos.

**Beantwoord die vrae oor die storie my snaakse oom**

1. Wat is die snaakse oom se naam? _____
2. Waar woon die snaakse oom? _____
3. Wat eet die snaakse oom? _____
4. Wat rook die snaakse oom? _____
5. Watter kleure is sy oë? _____ en _____
6. Wat loer deur sy skoen? sy groot _____
7. Watter woord rym met skoen? _____
8. Voltooi, As jy hom sien loop dan gaan koop hy _____
9. Dink jy ook dit is 'n snaakse oom? Ja Nee
10. Het jy ook 'n snaakse oom? _____

**DINSDAG**

## 1. Handskrif: Oefen 2 lyntjies van elk van die volgende.

*k K k K*

*Kegan kyk vir sy kat.*

## 2. Maak sinne met die volgende woorde

*skenk flink flamink koeldrank drink*

## 3. Klanke: "aa" Skryf die regte woord by die regte prentjie

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| maan | haan | skaap | staan | stap |
| aap | plaas | kaas | haas | kraan |





Kies die korrekte woord uit die raam om die sinne te voltooi

| aap | kaas | kraan | haas | haan | skaap |
|---|---|---|---|---|---|

1. Daar is 'n ______________  in die boom.
2. Die muis eet ______________ 
3. Maak toe die ______________ 
4. Die __________  en die __________  is maats.
5. Die ______________  eet wortels.

**WOENSDAG**

## 1.Teenoorgesteldes:




## 2. Leesstuk en beantwoord die vrae

### Sus se mus

Sus se mus is weg.
Sus buk en sug hard.
Sy ruk en pluk alles nes 'n bril met nukke.
Sus was in die bus.
Die bus is oor die bult.
Die mus is nog in die bus.
Sus het lus en spring soos 'n vul in die lug.

Vrae:

1. Wat pla vir Sus?
2. Waar is Sus se mus?
3. Waar is die bus?



**DONDERDAG**

**1. Begripstoets: Lees die stuk 2 keer deur en beantwoord die vrae.**

In Ouma se handsak.

Dit is herfs. Ouma het kom kuier. Haar handsak staan op die rak. Ek maak dit oop.

Ek kry 'n sakdoek. Die sakdoek is rooi. Ek bind dit om my nek.

In die handsak kry ek Ouma se sonbril. Die bril is blou. Ek sit dit op en kyk in die spieël. Ek lyk mooi.

Ouma het ook 'n pienk oorbel. Ek haal dit uit en sit dit aan my oor. Daar kry ek ouma se lipstiffie. Ek draai die lipstiffie uit. Ek smeer my lippe rooi.

Wat het Ouma nog in haar handsak? Een, twee, drie ... tien monsters! Die monsters kom saam met my speel. Stop! Wat hoor ek?

Beantwoord die vrae:



1. Watter seisoen is dit? ____________________

2. Ouma se handsak staan op die ____________________

3. Die kleur van die sakdoek is ____________________

4. Wat sien ek alles in Ouma se handsak?

________________; ________________

________________; ________________

5. Wat sit ek op voordat ek in die spieël kyk?

________________________________________

6. Ek sê stop! Vir wie hoor ek aankom?

________________________________________

7. Baie blou is potblou. Baie rooi is bloedrooi.

Ouma se lipstiffie was ____________________

8. Skryf 'n spogsin met oorbel:

________________________________________

________________________________________



## 2. Skryf die volgende sinne oor in lopende skrif.

1. Die man steek die blink ring aan die mooi meisie se vinger.

2. Daar is 'n tekening van 'n paling en 'n flamink in die storieboek.

3. Ouma drink tee en gebruik 'n koppie en 'n piering.

4. San eet 'n piesang en drink koeldrank.

5. Sondae sit ons in die kerkbank en sing.

## VRYDAG

### 1. Vul die ontbrekende woorde in.

stink koeldrank ink tronk

blink rank vonk sink

1. Dit het 'n helder glans. ________________

2. Dit ruik nie lekker nie. ________________

3. Jy kan dit drink. ________________

4. Die roos ________________ teen die muur.

5. Die vuur wat brand se ________________ kan 'n veldbrand veroorsaak.

6.Die pen se ________________ is blou.

7. Misdadigers beland gewoonlik in die ________________.

8. Die skip sal ________________ in 'n erge storm.

**2.**

# Voorsetsels

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| op | deur | uit | voor | bo |
| teen | met | onder | agter | tot |

Die besem staan ............
die deur.
Die boek is ............
die tafel.
Die hond lê ............
die bed.
Ons speel ............
die bal.
Pa drink water ............
'n glas.
Hulle loop ............
die bos.
Ek verkies koffie ............
tee.
Die meisie staan ............
die venster.
Die leer staan ............
die muur.
Wag hier ............
half vier.

